STERRETJIE

18 SEPTEMBER 2009 JAARTAL 9 NO 17

Dagsê,
Springbokke bo! Dit was darem so lekker soos murg toe die Bokke daardie Kiwi's so op hulle neus laat kyk het. Gortopaan het amper begin om 'n traan te pink van pure blydskap, maar my naels begin nou eers weer wys. Oom Boy Louw, vir die wat nie weet nie, een van die groot Springbokke, het gesê: "Looks at the scoreboard". Ek reken dis net Amen daarop. Oor sports van die naweek, sal daar maar saggies gepraat word. Dit was nie so gaaf om te sien hoe daai Jagluiperds 'n oorwinning voor die neuse van die Streeptruie gaps nie. Blomfontein was seker Saterdagaand nie 'n plek waar 'n WP-ondersteuner wou wees nie. Die Haaie sukkel seker nog steeds om die blou stukke vel tussen hul tande uit te kry. Laaste oor sport, ons moet tog vir die rugbybeamptes van Doer Onder 3D-brille gee sodat hulle nie so eenogig is sover dit SA betref nie!
Die eksamen en toetsreeks is in volle swang, en nou moet Gortopaan ongelukkig die opmerking maak dat daar heelwat leerders is wat nie te veel tyd agter die boeke verwyl nie. Aan die positiewe kant, daar is baie van hulle wat wel hul deel en nog meer doen. Aan hulle, doen so voort!

Suur en soet vir o/13's

Donderdag het ons o/13-span hier tuis teen Stellaland A gespeel. Ons verloor die loot en Vryburg kolf eerste. Ons boulwerk was nie heeltemal op standaard nie. Oom Ekstra het Vryburg sommer baie gehelp. Manne wat sukses behaal het, was Maghiel le Roux met 2 vir 27 in 5 beurte, Leon Vorster met 3 vir 18 in 6, Welmarie Wessels met 1 vir 22 in 3, Jonathan Beck kry 1 paaltjie vir 25 lopies in 5 beurte terwyl Johan Cilliers ook 1 paaltjie neem vir 20 lopies in 5 beurte. Stellaland teken 168 lopies in hul 30 beurte aan. Toe gaan kolf ons. En weereens het dit nie so lekker glad gegaan nie. Ons kon net nie behoorlik aan die gang kom nie. Partykeer het die gelyk of ons nog nie veel krieket vanjaar gespeel het nie. Danie Maree teken 21 lopies aan, Jay Jay Storm kry 14, Johan Cilliers kry 18 en CJ Steyn teken 'n baie geduldige 8 lopies aan. Ons kon toe net die totaal van 115 lopies haal. Ons verloor dus die wedstryd met 45 lopies. Speler van die wedstryd is Jay Jay Storm.

Jay Jay Storm[o/13] speler van die wedstryd teen Stellaland A.

Die o/11's het Vryburg toe gery. Daar het Vryburg ook die loot gewen en besluit om te kolf. Hulle teken 174 lopies in hul 30 beurte aan. Francois Crafford neem 2 paaltjies, terwyl Dirk

STERRETJIE

18 SEPTEMBER 2009 JAARTAL 9 NO 17

Pieter Wiid, [o/11], speler van die wedstryd teen Stellaland A

Cilliers en Pieter Wiid elk een paaltjie geneem het. Almal van hulle se boulsyfers was nie so gaaf nie, en lopies het heel vinnig gekom. Toe ons gaan kolf, het dit maar beroerd gegaan. Dit was net Pieter Wiid wat hond haaraf kon maak. Uit die totaal van 64 lopies teken hy 31 lopies aan. Ons verloor dus die wedstryd met 110 lopies. Speler van die wedstryd is Pieter Wiid. Baie geluk.

Ons o/13-span het tweede in sirkel A geëindig, wat beteken dat ons volgende kwartaal teen die B-sirkel sal moet uitspeel. Ons teenstanders in die semi-finaal is Christiana en ons sal net na die begin van die kwartaal die lang pad rivier toe moet vat. Baie geluk aan die span. Hoop ons sien julle weer in die finale, wat beteken dat julle gedurende die vakansie tyd met die rooi klip sal moet deurbring.

Oupa en Ouma kom kuier

STERRETJIE

18 SEPTEMBER 2009 JAARTAL 9 NO 17

Op Vrydag, 4 September, het die Grondslagfase ‘n baie geslaagde oupa en ouma dag aangebied. Die juffrouens en mammas het vir weke gespook om alles agtermekaar te kry. Daardie Vrydagoggend was juffrou Christa maar effe bleek, en dit was beslis nie omdat sy siek was nie. Maar, soos Gortopaan by verskeie spioene verneem het, was dit ‘n reuse sukses. Almal daar het dit baie geniet en die kleintjies was tog te fraai vir die oues van dae. Baie dankie aan almal wat so hard gewerk het om die dag ‘n sukses te maak. Dankie aan al die oupas en ouma wat kom kuier het. Ons waardeer dit regtig baie.

Juffrouens van Koekies en Doekies, julle kán ‘n ding reël, dis nou nie altemit nie!

Hokkie bokkies op en wakker

Die Graad 1 en 2 mini hokkiespan – almal spelers van die wedstryd op Vryburg . Voor vlnr : Ingenette Scheepers, Bea van der Linden, Atlegang Shuenyane, Wisdon Shopane. Agter vlnr : Chanèl Louw, Louise Retief, Nikkie Smith, Abigail Mogwasi, Oratile Loeto

Verlede Woensdag het die hokkie dametjies na Kismet gery om daar aan ‘n kompetisie deel te neem. Die Graad 1 en 2 spannetjie het strawwe kompetisie gehad, maar hulle pragtig van hul taak gekwyt. Hulle verloor teen Voorbereidingskool 0-1, wen Junior Universiteit 1-0, speel gelykop teen Schweizer met 0 elk, wen Voorbereidingskool 2 met 2-0. Ongelukkig verloor hulle toe die laaste wedstryd 0-2. Die spannetjie het so mooi gespeel, dat almal die speler van die wedstryd is. Baie geluk julle ou klompie.

STERRETJIE

18 SEPTEMBER 2009 JAARTAL 9 NO 17

Die Graad 3 spannetjie het ook baie mooi gespeel. Hulle wen Tierkloof 3-1, speel gelykop teen Voorbereidingskool 1 en Colinda met 0 elk en 1elk onderskeidelik en verloor teen Voorbereidingskool 2 met 2-0. Elizabeth van Rooy is weer die speler van die wedstryd, want sy het haar hart behoorlik uitgespeel.

Elizabeth van Rooy, speler van die wedstryd vir die Graad 3 hokkiespan.

Die Graad 4 mini hokkiespan - almal spelers van die wedstryd op Vryburg: Voor vlnr: Maryke Wessels, Micaela Louw, Lize-Mari Erasmus, Juné Bester, Leonie Maree, Suna Swanepoel, Elsje Vorster en Liebenberg.

Die Graad 4-spannetjie het self gaaf gevaar. Hulle verloor teen Kismet 1-0, en speel toe 2 keer gelykop teen Schweizer. Een keer sonder dat doele aangeteken word, en die volgende keer met 1 doel elk. Die hele span is speler van die wedstryd. Baie geluk. Doen so voort!

Perde gaan weer draf!

Eerskomende naweek is daar weer uithourit op Louwna. ‘n Hele paar van ons leerders gaan daar deelneem. Baie sterkte aan almal, die wat ry en die wat gaan perde versorg. Gortopaan hoop julle bly bo en die perd maak dit deur die laaste “vet check”.

Vrugterolle.

Die Grondslagfase het nog vrugterolle teen R12 stuk beskikbaar. As daar ouers is wat belangstel, kontak juff. Christa, Hanri of Suzette. Hulle is die hoof vrugterol smouse.

Fotoblad.

STERRETJIE

18 SEPTEMBER 2009 JAARTAL 9 NO 17

Ouers word net daaraan herinner dat die samestellers van die fotoblad gedurende die vakansie wil begin om bladuitleg en so aan te doen. As daar nog iemand is wat ‘n bladsy wil borg, of ‘n advertensie wil plaas, is die 23ste September D-dag. Kom ons ondersteun hierdie groot werk wat gedoen word.

o/15’s vou in Vryburg.

Die o/15’s het Vryburg toe gery om daar hul spiere en tegnieke teen die manne van ons buurdorp te toets. Die hele uitstappie was nie baie suksesvol nie. Vryburg kolf eerste en teken 226 lopies in hul 30 boulbeurte aan. Met die wilgerlat in die hand het dit nie so lekker gegaan nie. Ons word uitgeboul vir ‘n skamele 68 lopies. SJ Fourie was die enigste kolwer wat darem lopies gekry het. Hy teken 15 aan. Hy was ook die beste bouler met syfers wat soos volg lyk: 4 paaltjies vir 27 lopies in 4 beurte. Henco van Wyk het sy hart uitgespeel in die veld, elke bal gejaag en geduik om te probeer red wat daar te redde is, maar tevergeefs. SJ en Henco is dan spelers van die wedstryd. Baie geluk julle twee.

SJ Fourie en Henco van Wyk : Spelers van die wedstryd teen Vryburg.

Wollies kap ons flou.

Wolmaransstad se o/15’s het onse span verlede week ‘n behoorlike krieketles geleer. Hulle kolf eerste en teken ‘n hele 260 lopies in hul 30 beurte aan. In antwoord daarop kon ons net 127 lopies aanteken. Janna van der Linde het ‘n verlore stryd gestry en teken 39 nun aan, maar hy kon nie die wa alleen deur die drif trek nie. Aan die boul kant was daar ook nie veel om oor te rapporteer nie. Ons span verloor die wedstryd. Janna is die speler van die wedstryd.

Janna van der Linde : Speler van die wedstryd teen Wolmaransstad.

STERRETJIE

18 SEPTEMBER 2009 JAARTAL 9 NO 17

Gortopaan hoop daar het al van ons ouers en vriende na die skool se webblad gaan kyk. Dis sommer en “grande” affêre. Dit is regtig die moeite werd om ‘n draai daar te maak en sommer vir Sterretjie elektronies te ontvang. Gee sommer die adres vir vriende en familie ook. Wie weet, dalk kan ons op die manier nog vriende maak en werf vir ons skool. Die adres is **www.stellaskool.co.za**

Beesfees

Soos u nou al teen die tyd weet, is dit weer die jaarlikse Beesfees vanaf die 8ste – 11de Oktober. Dit is ook die geleentheid waar ons probeer om soveel geld as moontlik bymekaar te maak, want dit maak die las op die ouers ligter. Die beheerraad het daarom besluit, om soos in die verlede, die leerders toe te laat om Vrydag nie skool toe te kom nie, maar die fees te gaan bywoon. Al die ouers en leerders is in elk geval in ‘n meerdere of mindere mate betrokke by die fees. Dit is belangrik om daarop te let dat dit nie ‘n vakansiedag is nie, maar dat almal hul kant by die Beesfees moet bring.

‘n Baie belangrike ouervergadering word **DV gehou op die 26ste Oktober 2009 in die skoolsaal. Dit sal om 07:45 begin**. Die begrotings van die skool en altwee koshuise moet dan goedgekeur word. Om hierdie rede is dit belangrik dat u die vergadering moet bywoon om u stem te laat hoor.

Geniet die naweek saam met u kroos. Dink so daaraan, dis die laaste Maandag dat u skoolkar hoef te ry. Moedig die ou span maar aan om nog vir oulaas agter die boeke te kuier, rustyd is nie meer ver nie. Hoop dit gaan beter met my spannetjie hierdie naweek, anders ...
Langenhoven reken: Die ou manier is maar die beste. Anders sou hy nie kans gehad het om oud te word nie.

Mooi loop.

Gortopaan.

.